# SARS Doeane het kapasiteit om grensbeweging te bestuur

**Tshwane, 23 September 2021** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), deur sy doeane-afdeling, verstaan die benarde toestand van vragvervoerbelanghebbendes wat vertragings ervaar by die Beitbrugse grenspos.

SARS Doeane wil alle belastingpligtiges, handelaars en belanghebbendes gerusstel dat doeane-bedrywighede in onlangse jare gemoderniseer is om van elektroniese stelsels gebruik te maak om die vloei van goedere en reisigers deur die hawe van binnekoms te bestuur.

Een van die sleuteluitkomste van die gemoderniseerde elektroniese stelsel by Beitbrug, is die vinniger prosesseringstyd wat die wagtyd aansienlik verminder vir trokke wat die grens oorsteek, wat beteken dat toue aan Suid-Afrika se kant heelwat korter is.

SARS het egter geen beheer oor die ophoping op die N1 wat na Beitbrug lei nie.

SARS is besig om verdere versterkings aan die stelsel te bring, wat gemoderniseerde, elektroniese verklarings en prosesse insluit deur die nommerplaatherkenningsprojek as eerste fase van SMART-grense.

Hierdie projek sal binnekort ingestel word by ander hawens van binnekoms, wat weereens die vragvervoergemeenskap sal bevoordeel deur vinniger omdraaitye.

Beitbrug is die besigste landelike hawe van binnekoms in Suid-Afrika en is 24-uur per dag oop. Die SARS-webtuiste het meer inligting oor alle hawens van binnekoms en hul bedrywighede. Besoek www.sars.gov.za.

SARS neem ook met erns kennis van die ophoping by die Lebombo-grenspos. Ons wil graag alle gebruikers van die grenspos inlig dat die oorsaak van hierdie ophoping omrede die groot doeaneveranderinge is wat ingestel word, maar egter nie van die Suid-Afrikaanse kant nie. SARS werk steeds hard met ons eweknieë saam om die wettige beweging van reisigers en goedere oor ons grense heen te fasiliteer.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.